

GEODITEERDE GROEPRESULTATE EN DIVIDENDVERKLARING VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2005




Die resultate van die groep vir die jaar geëindig 30 September 2005 word hierin uiteengesit.


Die rekeningkundige beleid wat by die voorbereiding van hierdie verslag gebruik word, stem ooreen met dié wat gebruik is in die finansiële jaarstate, wat in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktijk voorberei is op 'n grondslag wat met die vorige jaar ooreenstem.

Die finansiële inligting is deur Deloitte & Touche, wie se ongekwalifiseerde mening by die geregisteerde kantoor van die maatskappy ter insae beskikbaar is, geouditeer.

Wesensverdienste per aandeel (sent)



Dividende per aandeel (sent)



Kommentaar

Finansiële resultate

Wesensverdienste per aandeel vir die jaar geëindig 30 September 2005 het met 24% gedaal, vergeleke met dié van die vorige jaar. Dit is hoofsaaklik te wyte aan moeilike visvangtoestande in die meeste nywerheidssektore, mededingende marktoestande, die sterk rand en die sluitingskoste van die Namibiese witvisbesigheid.

Groepomset het met 4% toegeneem en bedryfswins voor abnormale items het met 16% gedaal. Die effektiewe belastingkoers is negatief beïnvloed deur sekere abnormale verliese wat nie belastingaftrekbaar is nie.

Netto kontantbaldo's het met R166 miljoen bo die saldo's by die vorige jaareinde toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die afname in voorraad en die verkoop van TRT Shipping Services.

'n Onveranderde einddividend van 59.0 sent per aandeel is verklaar, wat, tesame met die tussentydse dividend van 15.0 sent, die totale dividend vir die jaar op 74.0 sent (2004: 76.5 sent) te staan bring.

BEDRYFSOORSIG

Kusvisserij

Die 2005 totale toelaatbare vangs (TTV) vir sardyne was 382 119 ton (2004: 457 000 ton). Sardynvangste was laer as verlede jaar weens swak vangste vroeër in die jaar en omdat vis slegs aan die suid- en ooskus beskikbaar was. Koste het gestyg as gevolg van langer visvangvaarte en omdat vis padlans van Mosselbaai na die inmaakfabriek in St Helenabaai vervoer moes word. Sardynvisserij in Namibië was goed en die finale TTV is op 25 000 ton (2004: 25 000 ton) vasgestel.

Verkoopsvolumes ingemaakte vis in die binnelandse mark onder die Lucky Star-handelsmerk het in vergelyking met die vorige jaar aansienlik

toegeneem, alhoewel marges in die eerste helfte laer was omdat die mark baie mededingend was.

Glenryck UK (op 31 Maart 2004 verkry) het goed gepresteer en verhoogde verkoopsvolumes in die VK-mark behaal. Die meerderheid van die ingemaakte sardyne wat die maatskappy benodig het, is deur die Etosha-inmaakfabriek in Namibië verskaf.

Oorkoepelend was die winsgewendheid uit ingemaakte vis, insluitend Glenryck UK, effens hoër as die vorige jaar.

Die vismeelbedrywighede het 'n omswaai in die tweede helfte van die jaar behaal en 'n wins opgeteken na goeie ansjovisvangste in die winter. Die wins vir die volle jaar was aansienlik laer as die vorige jaar weens laer verkoopspryse.

Die groep se volle kreefkwota is benut. Visvangskoste was hoër as gevolg van laer vangste per vaartuig en hoër brandstofkoste. Kreefuitvoerpryse het in vergelyking met verlede jaar verbeter en realisering in rand uitgedruk was hoër ondanks die sterker randwisselkoers. Die wins was effens laer as die vorige jaar.

Tjokkavangste was redelik, maar die finansiële resultate is negatief beïnvloed deur die bergingskoste van hoë voorraadvlakke, wat van die 2004-seisoen oorgedra is, en lae markpryse.

Oopsee- en Diepseevisserij

Verkoopspryse vir Namibiese maasbankers was op soortgelyke peile as die vorige jaar. Hoër brandstofpryse het 'n impak op visvangskoste gehad ten spyte daarvan dat die vaartuie omgebou is om goedkoper brandstofgrade te kan gebruik. Handelsvolumes vis wat van eksterne vlote verkry is, was hoër as die vorige jaar maar marges was laer. Oorkoepelend het die winsgewendheid uit oopwater pelagiese vangste met dié van die vorige jaar ooreengestem.

Stokvisresultate in Suid-Afrika is deur veranderlike vangste en 'n groot

verhouding klein visse beïnvloed, wat laer pryse tot gevolg gehad het, en dit, tesame met die sterk randwisselkoers, het laer verdienste as verlede jaar opgelewer. Die Namibiese stokvisbedrywighede is in die eerste helfte van die jaar beëindig. Die sluitingskoste is ten volle erken en as abnormale items in die inkomtestaat geopenbaar.

Tunahandel het 'n verlies getoon weens swak handeldrywing in die eerste helfte van die jaar, tesame met laer as normale volumes uit Suid-Afrika en Namibië.

Koelberging en Logistiek

Die koelbergingafdeling het hoër gebruikspeile ervaar as gevolg van verhoogde invoeraktiwiteit en die steri-sitrus fasiliteit op Maydon Wharf het aansienlik groter volumes hanteer. Die afdeling het uitstekend gepresteer en beduidend hoër wins as die vorige jaar behaal.

TRT Shipping Services is met ingang van 1 Julie 2005 verkoop. Die finansiële bedryfsresultate is tot op die verkoopsdatum ingesluit en die wins by verkoop is in abnormale items ingesluit.

Langtermynvisvangregte

Oceana se bedryfsfiliale het aansoek gedoen om langtermynvisvangregte, van 2006 en daarna, in die sektore waarin hulle aktief is. Die uitslag van aansoeke en toewysings van regte word in November en Desember 2005 ver wag. Dié regte is ten opsigte van tydperke tussen agt jaar (tjokka) en 15 jaar (klein pelagiese vis).

Vooruitsigte

Die direksie verwag 'n toename in wesensverdienste per aandeel vir die jaar wat voorlê, mits die langtermyn-visvangregte bevredigende resultate lewer.

Namens die direksie.

DMJ Ncube

Voorsitter

AB Marshall

Hoof uitvoerende beampete

Groepinkomtestaat

Aantekeninge	Geouditeer 2005 R'000	Geouditeer 2004 R'000	%- verandering
Inkomste	2 576 513	2 487 502	4
Bedryfswins voor abnormale items	185 074	221 483	(16)
Abnormale items	(27 830)	4 949	
Bedryfswins	157 244	226 432	
Dividende ontvang	1	2 976	
Netto rente ontvang	26 607	16 617	
Wins voor belasting	183 852	246 025	(25)
Belasting	64 859	78 522	(17)
Wins na belasting	118 993	167 503	
Toeskryfbaar aan buite-aandeelhouders in filiale	7 455	3 123	
Toeskryfbaar aan eie aandeelhouders	111 538	164 380	(32)
Getal uitgereikte aandele (000's)	112 104	109 976	
Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel gegrond word (000's)	111 525	109 530	
Aangepaste geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel gegrond word (000's)	112 246	111 670	
Verdienste per aandeel (sent)			
Basies	100.0	150.1	(33)
Verwater	99.4	147.2	(32)
Wesensverdienste per aandeel (sent)			
Basies	109.8	143.8	(24)
Verwater	109.1	141.1	(23)
Dividende per aandeel (sent)	74.0	76.5	(3)
BEPALING VAN WESENSVERDIENSTE			
Toeskryfbaar aan eie aandeelhouders	111 538	164 380	
Aangepas met:			
Voorziening vir lenings en personeeluitdienings- en ander sluitingskoste in Namibiese witvisbesigheid	14 201	-	
Waardedalingsverlies op eiendom, masjinerie en toerusting in Namibiese witvisbesigheid	5 580	160	
Waardedalingsverlies op ander bates	2 779	-	
Netto surplus by verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	(4 540)	(6 567)	
Wins by verandering van belang in filiale en gesamentlike ondernemings	(7 103)	(416)	

Groepkontantvloeistaat

	Geouditeer 2005 R'000	Geouditeer 2004 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Bedryfswins voor abnormale items	185 074	221 483
Aanpassing met niekontant-items	59 496	57 822
Kontantbedryfswins voor bedryfskapitaalveranderinge	244 570	279 305
Bedryfskapitaalveranderinge	33 989	(55 860)
Kontant uit bedrywighede gegeneer	278 559	223 445
Rente en dividende ontvang	29 048	23 876
Rente betaal	(2 440)	(4 283)
Belasting betaal	(62 366)	(104 766)
Dividende betaal	(83 587)	(86 464)
Netto kontantvloeit uit bedryfsaktiwiteite	159 214	51 808
Kontantvloeit in beleggingsaktiwiteite aangewend	(16 119)	(153 899)
Netto kontantvloeit/(uitvloeit) voor finansieringsaktiwiteite	143 095	(102 091)
Netto kontantvloeit uit finansieringsaktiwiteite	17 822	18 459
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	160 917	(83 632)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	117 455	205 040
Uitwerking van wisselkoersveranderinge	4 823	(3 953)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	283 195	117 455
Groepstaat van veranderings in ekwiteit		
	Geouditeer 2005 R'000	Geouditeer 2004 R'000
Saldo aan die begin van die jaar	848 613	768 863
Aandele uitgereik	14 420	8 630
Toename in tesourie-aandele deur aandeeltrust gehou	(336)	(128)
Beweging op valuta-omrekeningsreserve	(905)	(9 567)
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan eie aandeelhouders	111 538	164 380
Wins by verkoop van tesourie-aandele	238	250
Dividende	(82 674)	(83 815)
Saldo aan die einde van die jaar	890 894	848 613

Aantekeninge

	Geouditeer 2005 R'000	Geouditeer 2004 R'000
1. Abnormale items		
Voorziening vir lenings en personeeluitdienings- en ander sluitingskoste in Namibiese witvisbesigheid	(28 764)	-
Waardedalingsverlies op eiendom, masjinerie en toerusting in Namibiese witvisbesigheid	(5 580)	-
Waardedalingsverlies op ander bates	(3 138)	-
Netto surplus by verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	2 364	5 072
Wins/(verlies) by verandering van belang in filiale en gesamentlike ondernemings	7 288	(123)
Abnormale (verlies)/wins voor belasting	(27 830)	4 949
Belasting	162	(88)
Abnormale (verlies)/wins toeskryfbaar aan eie aandeelhouders	(27 668)	4 861
2. Dividende		
Dividend na verslagdoeningsdatum verklaar	66 141	64 886
3. Aanvullende inligting		
Koste van verkope	1 812 179	1 704 794
Depresiasie	58 168	58 036
Amortisasie van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	-	1 190
Bedryfsbruikhuurkoste	18 647	15 669
Valutawins	(2 075)	(5 488)
Kapitaalbesteding	46 072	93 300
Uitbreiding	2 643	57 144
Vervanging	43 429	36 156
Kapitaalverbintnisse	96 925	70 908
Gekontrakkeer	703	2 246
Nie gekontrakkeer nie	96 222	68 662

Dividendverklaring

Kennis geskied hiermee dat 'n einddividend No. 124 van 59.0 sent per aandeel ten opsigte van die jaar geëindig 30 September 2005 op Woensdag, 9 November 2005, verklaar is. Die toepassike datums is soos volg:

Laaste dag vir handel met dividend	-	Vrydag, 6 Januarie 2006
Handel sonder dividend neem 'n aanvang	-	Maandag, 9 Januarie 2006
Rekorddatum	-	Vrydag, 13 Januarie 2006

Netto surplus by verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	2 115 (4 540)	(6 567)	
Wins by verandering van belang in filiale en gesamentlike ondernemings	(7 103)	(416)	
Wesensverdienste vir die jaar	122 455	157 557	(22)

Groepbalansstaat

	Geouditeer 2005 R'000	Geouditeer 2004 R'000	
Bates			
Niebedryfsbates	388 765	460 496	
Eiendom, masjinerie en toerusting	279 413	310 389	
Klandisiewaarde	18 302	18 581	
Visvangregte en handelsmerke	34 537	35 397	
Uitgestelde belasting	13 588	20 990	
Beleggings en lenings	42 925	75 139	
Bedryfsbates	1 080 990	1 011 406	
Voorraad	242 413	309 288	
Rekenings ontvangbaar	457 996	502 380	
Kontant en kontantekwivalente	380 581	199 738	
Totale bates	1 469 755	1 471 902	
Ekwiteit en laste			
Kapitaal en reserwes	890 894	848 613	
Aandelekapitaal en -premie	55 480	41 396	
Nie-verdeelbare reserwes	12 025	12 930	
Verdeelbare reserwes	823 389	794 287	
Belang van buite-aandeelhouders	21 192	14 577	
Niebedryfslaste			
Uitgestelde belasting	22 453	24 287	
Bedryfslaste	535 216	584 425	
Rekenings betaalbaar en voorsienings	437 830	502 142	
Bankoortrekking	97 386	82 283	
Totale ekwiteit en laste	1 469 755	1 471 902	
Netto batewaarde per gewone aandeel (sent)	795	772	
Totale laste met uitsluiting van uitgestelde belasting : totale aandeelhoudersfondse (%)	59	68	
Totale lenings : totale aandeelhoudersfondse (%)	11	10	

Dividende	(82 674)	(83 815)
Saldo aan die einde van die jaar	890 894	848 613

Segmentverslag

	Geouditeer 2005 R'000	Geouditeer 2004 R'000
Inkomste		
Kusvisserij	1 470 587	1 333 448
Oopsee- en Diepseevisserij	939 091	1 007 779
Kommersiële Koelberging en Logistiek	166 835	146 275
Totaal	2 576 513	2 487 502
Bedryfswins voor abnormale items		
Kusvisserij	106 971	137 820
Oopsee- en Diepseevisserij	17 903	36 842
Kommersiële Koelberging en Logistiek	60 200	46 821
Totaal	185 074	221 483
Totale laste		
Kusvisserij	638 124	682 455
Oopsee- en Diepseevisserij	275 297	309 270
Kommersiële Koelberging en Logistiek	119 239	184 310
Finansiering	423 507	274 877
Totaal	1 456 167	1 450 912
Uitgestelde belasting	13 588	20 990
Totaal	1 469 755	1 471 902
Totale laste		
Kusvisserij	335 015	351 121
Oopsee- en Diepseevisserij	60 655	61 619
Kommersiële Koelberging en Logistiek	27 848	89 402
Finansiering	111 698	82 283
Totaal	535 216	584 425
Uitgestelde belasting	22 453	24 287
Totaal	557 669	608 712

Die tjokkagesigheid, wat voorheen in die Oopsee- en Diepseevisserijsegment ingesluit is, word nou in die Kusvisserijsegment ingesluit. Die vergelykende syfers vir die vorige jaar is dienooreenkomstig heraanagegee.

Laaste dag vir handel met dividend	-	Vrydag, 6 Januarie 2006
Handel sonder dividend neem 'n aanvang	-	Maandag, 9 Januarie 2006
Rekorddatum	-	Vrydag, 13 Januarie 2006
Dividend betaalbaar	-	Maandag, 16 Januarie 2006
Aandeesertifikaat mag van	-	Maandag, 9 Januarie 2006, tot en met Vrydag, 13 Januarie 2006, nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Op las van die direksie

JD Cole

Sekretaris

9 November 2005

OCEANA GROEP BEPERK

GEREGISTREERDE KANTOOR: 16de Verdieping, Metropolitaansentrum, Coen Steytlerlaan 7, Kaapstad 8001

OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001 (Posbus 61051, Marshalltown 2107)

BORGE


Suid-Afrika: Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk

Namibië: Old Mutual Investment Services (Namibia) (Edms) Beperk

JSE-AANDEELKODE: OCE NSX-AANDEELKODE: OCG ISIN-NOMMER: ZAE000025284

DIREKTEURE: DMJ Ncube (Voorsitter), RA Williams (Visevoorsitter), AB Marshall* (Hoof uitvoerende beampte), MA Brey, BP Connellan, N Dennis, LT Langeni*, RG Nicol*, S Pather, RV Smither (* Uitvoierend)

MAATSKAPPYSEKRETARIS: JD Cole



**OCEANA GROUP
BEPERK**

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer (Registrasienuommer 1939/001730/06)